**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr.: A198/2003

**PHILLIP MAKASE KHOASE** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**AANGEHOOR OP:** 11 APRIL 2005

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et*
VAN COPPENHAGEN R

---

**UITSPRAAK:** VAN COPPENHAGEN R

---

**GELEWER OP:** 28 APRIL 2005

---

[1] Die appellant 'n 46 jarige man het in die Landdroshof Heilbron tereggestaan op 3 klagtes.

[2] In klagte 1 was dit hom ten laste gelê dat hy op 3 Desember 2002 ter oortreding van artikel 83(1) van die Wet op Prokureurs, Wet nr. 53 van 1979 hom valslik as prokureur

voorgedoen het.

In klagte 2 was dit hom ten laste gelê dat hy op 21 November 2002 ter oortreding van artikel 83(1) van die Wet op Prokureurs, Wet 53 van 1979, hom valslik voorgedoen het as prokureur.

In klagte 3 was dit hom ten laste gelê dat hy tussen 15 November en 4 Desember 2002 vir Mnr. Jacob Msimanga bedrieg het deur aan laasgenoemde voor te gee dat hy 'n prokureur is en as sulks professionele dienste teen vergoeding kon lewer as gevolg waarvan gemelde Jacob Msimanga R1 700,00 aan hom vir die lewering van professionele dienste oorhandig het terwyl hy inderdaad nie 'n prokureur was en dus gemagtig was om professionele dienste as prokureur te lewer nie.

Appellant het op al die klagtes hom ten laste gelê onskuldig gepleit, maar was nogtans op 4 Maart 2003 op al die klagtes skuldig bevind en op dieselfde datum gevonnis as volg:

Klagte 1: Beboet R1 500,00 of 3 maande gevangenisstraf;

Klagte 2: Beboet R1 500,00 of 3 maande gevangenisstraf;
Klagte 3: 6 Maande gevangenisstraf ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(b) van Wet 51 van 1977.

[3] Appellant se appèl is slegs teen die skuldigbevindings.

[4] Die Staatsaanklaer van Heilbron Mnr. Mathews T. Mohlakoana het, wat die eerste klagte betref, getuig dat hy op 2 Desember 2002 terwyl hy vanaf sy kantoor na die Klerk van die Hof se kantoor op pad was, appellant met 'n prokureurstoga oor sy arm en 'n swart lêeromslag in sy hand teegekom het. Hy het appellant sy kantoor ingenooi, homself aan appellant voorgestel en by appellant verneem of hy laasgenoemde van hulp kon wees. Appellant het homself, weliswaar onder 'n ander naam en van as sy werklike, voorgestel en gesê dat hy 'n persoon in die onderhoudshof as prokureur hom verteenwoordig. Appellant het ook verduidelik dat hy vir die prokureursfirma Swanepoel in Kroonstad werk. Hierdie bewering en appellant se latere bewering na sy arrestasie dat hy inderdaad 'n prokureur is, is uiteraard heeltemal vals.

[5] Appellant het die getuienis van die staat wat die wese daarvan betref in getuienis ontken. Wat hy nie ontken het nie, was

dat hy wel 'n toga by hom gehad het. Sy verduideliking vir die toga was dat hy dit dra as hulle "parties" hou.

[6] Die klaagster in die tweede klagte, Mev. Margaret Ndai het getuig dat sy appellant op 21 November 2002 by die Hof in Heilbron ontmoet het waar hy tydens 'n gesprek met 'n kennis van haar, ene Digetla, gesê het dat hy 'n prokureur is. Hy het voorts gesê dat hy in die Hof 'n saak moet kom uitstel.

Klaagster het, nadat appellant uit die Hof gekom het, gevra dat hy as prokureur vir 'n persoon wat haar, klaagster, sou beledig of belaster het, 'n brief moet skryf. Appellant het onderneem om teen betaling van R50,00 die nodige te doen. Weens 'n gebrek aan fondse op daardie stadium het klaagster ooreengekom om appellant op 5 Desember 2002 te sien. Appellant het aan haar sy "kantoor" in Kroonstad se telefoonnommer gegee waarheen sy hom kon skakel. Sy het hom egter nie op 5 Desember 2002 gesien nie.

[7] Appellant ontken nie dat hy die klaagster ontmoet het nie. Sy getuienis was egter dat hulle oor liefdesake gepraat het.

[8] Die klaer in klagte nommer 3, Mnr. Jacob Msimanga, het getuig dat hy op 15 November 2002 vir appellant ontmoet het. Appellant het as prokureur onderneem om hom, klaer, in 'n arbeidsaangeleentheid by te staan. Vir sy dienste het appellant 'n aanvanklike deposito van R480,00 gevra en ontvang en later nog verdere bedrae van R720,00 en R500,00 vir dienste ontvang.

[9] Appellant het erken dat hy minstens R1 400,00 van Mnr. Msimanga ontvang het om, soos hy getuig het, die koste van reise, telefoonoproepe en fakse te delg. Die koste van uitgawes was aangegaan in bystand van Mnr. Msimanga in 'n aangeleentheid met sy werkgewer.

[10] Dit is nodig om ook te verwys na die getuienis van inspekteur Van Schalkwyk wat beslag gelê het op sekere dokumente wat appellant erken het syne te wees. Verskeie van die dokumente toon aan dat appellant namens persone opgetree het en onder andere geld namens hulle gevorder het.

'n Insiggewende dokument is egter die buiteblad van 'n lêer waarop onder andere die volgende handgeskrewe woorde voorkom:

¡°Law and Procedures

Prok/Attorney

P.M. Khoase
A.C. 3731

P.M. KHOASE
Attorneys/Prok."

[11] Appellant was te alle sake tye nie 'n prokureur nie, die feit was nie in geskil nie.

[12] Die Landdros het appellant se ontkenning van die staatsgetuies se getuienis verwerp en laasgenoemde se getuienis aanvaar. Dit is gemelde bevinding wat die onderwerp van appellant, wat verkies het om self sy saak op appèl te beredeneer, se argument op appèl was en is.

[13] Dit is geykte reg dat 'n hof van appèl nie geredelik sal inmeng met 'n hof *a quo* se geloofwaardigheidsbevindings nie. (vgl. **J v S** 1998(2) ALL. S.A. 267(A))

Behalwe van bloot te sê dat hy die appellant nie glo nie, en dat die staatsgetuienis almal hom beïndruk het as eerlike en geloofwaardige getuies, het die landdros geen redes vir sy gevolgtrekking verskaf nie. Hierdie hof sal dus self op die beskikbare inligting die knoop moet deurhak. (vgl. **VAN**

**ASWEGEN v DE CLERCQ** 1960 (4) S.A. 875(A) te 881 H tot 882 C)

[14] Die dokumente waarop die polisie beslag gelê het, en ingehandig was, en deur appellant erken was sy eiendom te wees, maak dit minstens duidelik dat appellant by verskeie geleenthede vir persone opgetree het en selfs namens persone wat appellant as sy "kliënte" beskryf het, gelde gevorder het.

Die lêeromslag beskryf appellant as 'n prokureur.
Appellant loop rond, oop en bloot so ook by die Landdroshof, Heilbron met 'n prokureurstoga.

Voormelde feite regverdig die afleiding dat appellant minstens die skyn verwek het dat hy 'n prokureur is, en is die waarskynlikhede vervolgens so oorweldigend dat appellant ook sou sê, uitdruklik so, dat hy 'n prokureur is, dat dit as bewese bo redelike twyfel bevind kan word.

Appellant se ontkenning dat hy aan die onderskeie klaers sou gesê het dat hy ‘n prokureur is, is gevolglik vals bo redelike twyfel en moet verwerp word.

[15] Die staatsgetuies se getuienis kan wat die relevante dele daarvan betref nie werklik gekritiseer word nie.

Op die getuienis van die staatsgetuies wat aanvaar word, is die misdrywe appellant ten laste gelê inderdaad bewys.

[16] Die appèl kan nie slaag nie en die volgende bevele moet gemaak word:

1. Die appèl teen die skuldigbevindings word afgewys.

2. Die skuldigbevindings word bekragtig.

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

Ek stem saam.

**J.P. MALHERBE, RP**

Namens die appellant: Geen verskyning (In persoon)

Namens die respondent: Adv. S. Giorgi
In opdrag van:
Kantoor van die Direkteur: Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN

/em